NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

**Sondag, 24 November 2024**
**Ewigheidsondag**

## Kom, luister en leef – die uitnodiging wat 'n dieper dors les en 'n ewige teken van God se genade is.

*"Kom, almal wat dors is, kom na die water!*
*En wie geen geld het nie, kom koop en eet!*
*Kom koop sonder geld, sonder koste, wyn en melk! ...*
*Maak julle ore oop en kom na My toe; luister, sodat julle kan leef! ...*
*'Ja, my planne is nie julle planne nie, en julle paaie nie my paaie nie,'*
*is die uitspraak van die Here. ...*
*Ja, met vreugde sal julle wegtrek en in vrede gelei word...*
*In die plek van doringstruike sal sipresse groei;*
*in die plek van distels sal mirtebome opkom.*
*Dit sal vir die Here tot roem wees; as 'n ewige teken sal dit nie afgekap word nie."*
(Jesaja 55:1, 3, 8, 12-13)

Dit is as't ware dié uitnodiging deur die hele Bybel heen; God, wat na die mens roep: "Kom..." Vanjaar toe ons die profeteboek Hosea deurgelees en oordink het, het ons dit herhaaldelik gehoor: *"Keer terug, Israel, na die Here jou God..."* (Hosea 14:2). Vanoggend aan die begin van ons erediens: *"Kom tog, laat ons dit uitpraat..."* (Jesaja 1:18). In die uitnodiging van dié Profeet, Jesus van Nasaret: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is..."* (Matteus 11:28). Hier, aan die einde van 2024, 'n jaar wat lief én leed gebring het, vir baie van ons 'n jaar met onverwagse wendinge, en swaar. In die Bybel kom daardie roepstem talle kere as 'n uitnodiging na 'n waterbron, 'n fontein, koel water wat dors les, vermoeide gesigte verfris, wonde reinig – juis, in daardie droë landskap en vir dorstige pelgrims op hul tog op weg na waar God sou kon wees. Verlangende mense. Oë gerig op 'n horison. En deurgaans het daar in daardie uitnodiging nie net die vooruitsig van verfrissing en dors wat geles word, opgeklink nie, maar óók die beloftes dat dit groei bring, skaduwee selfs, ook vir ánder; *"Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei"* (Johannes 7:37-38); *"sipresse en mirtebome vir die Here tot roem, 'n ewige teken..."* (Jesaja 55:13). Ons word vanoggend as gelowiges en gemeente – op Ewigheidsondag aan die einde van hierdie kerkjaar – uitgenooi om sáám te roep, te beduie na waar dié Fontein met die vars water wag:

*"En die Gees en die bruid sê: 'Kom!' En laat elkeen wat luister, sê: 'Kom!'*
*En laat elkeen wat dors het, kom.*
*En laat elkeen wat dit begeer, die water van die lewe kom kry, verniet!'"*
(Openbaring 22:16-17)

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, hier in die kerk gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; die Nagmaal by Siësta word deur ds. Johan Marais gelei.
Welkom alle besoekers, die doopfamilies en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

**LITURGIE**

**Aansteek van wydingskers**

**Wydingslied:** "O kom, o kom, Immanuel" (Lied 320:1, 2 en 3)

**Oproep tot verootmoediging:** (uit Jesaja 1)

**Verootmoediging:** "Smagtend soos in dorre streke" (Psalm 42:1 en 5) (Lina Spies-beryming)

**Votum en seëngroet** (uit Openbaring 21)

**Loflied:** "Lofsing die Here!" (Lied 184:1, 2, 3 en 4)

**Die doop as genadeteken en belofte van God...**

**Dooplied:** "Ere aan God" (Lied 369)

**Getuienis van ouers en doopbediening aan klein Elzani Steenkamp**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied en gebed:** "Ere aan God" (Lied 369)

**Skriflesing:** Jesaja 55:1-13en Johannes 7:37-38
Openbaring 21:5-7 en 22:16-17

**Verkondiging**

**Gebedslied:** "Ere aan God" (Lied 369)

**Bevestiging van Kerkraadslede**

**Gebedslied:** "Ere aan God" (Lied 369)

**Ons sê as gemeente dankie…**

**Dankoffer en dankgebed**

**Slotlied:** "Maak oop die poorte, deure, wyd! (Lied 326:1 en 4)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

U sal weer vanmiddag 'n whatsapp ontvang met 'n Google-vorm en skakel, kliek asb. daarop en gee jou indrukke en gedagtes oor ons eredienste in Berg-en-Dal; ons wil graag daarmee vir volgende jaar beplan.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 24 Nov | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte en gebed, en waartydens ook die lief en leed van vanjaar, en name van geliefdes in herinnering roep* (Jaarwyding en Taizé) |
| Sondag, 01 Des | 09:30 – Ds. Johan Marais. |
| Sondag, 08 Des | 09:30 – Ds. Janke Hurter. |
| Sondag, 15 Des | 09:30 – Ds. Janke Hurter. |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 24 Nov | Riana Johnson, Eben Joubert, Hugo Theunissen en Marius Theunissen. |
| 25 Nov | Corné Franken en Peet Spies. |
| 26 Nov | Dirk Nel en Johan van Rooyen. |
| 27 Nov | Armand Botha, Marianne Brink, Ina Fenwick, Jan Jacobsz en Kowie Wessels. |
| 28 Nov | Susan Beukes en Carien van Zyl. |
| 29 Nov | Johan Diedericks, Louis Raubenheimer en Jan Swanepoel. |
| 30 Nov | Ronnie Bester, Calista Botha en Chris Jordaan. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Mike de Kock (Oliewenlaan 51, wyk 17); Tannie Dolly Aucamp (Oliewenlaan 57, wyk 17); Oom Lieb Swiegers (Santé Aftreeoord 107, wyk 18b); Liz Coetzer (Kiepersol Oord 18, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b); Thea Botha (Santé Aftreeoord 104, wyk 18b) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b). Ons dink ook aan Ralie Poggenpoel, oud-lidmaat van ons wat in die Kaap woon en baie siek is.

Ons innige meegevoel aan ds Janke Hurter, by die heengaan van haar Ouma; en aan Lelanie, Peet en die Meyer-familie (Essexstr. 1) met die heengaan van haar broer. Ons bid julle troos en die nabyheid van die Here toe.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – Afsluiting: *"'n Dankbare lewe"* (oor die Onse Vader-gebed), en ons kuier saam, met goeie herinneringe aan die afgelope jaar…
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep – reeds afgesluit.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie – Afsluiting: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies).

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In November sorg **Wyke 19** (Bayswater en verder Oos) en **20** (Waverley en Suidwaarts) vir ons gasvryheid, Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Dankie vir almal se bydraes. Indien jy graag ook hiermee wil help – veral in die komende vakansietyd – kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Bewys van lidmaatskap vir die volgende nuwe lidmate is ontvang vanaf…**
Aliwal-Noord: **Prinsloo**, Ilné en **Geldenhuys**, Johannes Marthinus.
APK Bainsvlei: **Wentzel**, Susanna Adriana (geb. Smith).
Bloemfontein-Noord (Klipkerk): **Goosen**, Lowen Tobie.
Brandfort: **Engelbrecht**, Maartin Petrus
Douglas: **Vorster**, Barend Johannes, Brigitte (Geb. van Tonder), Barend Johannes, Jente.
DoxaDeo Bloemfontein: **Marais**, Sophia Soveij en **Venter**, Inge.
Drie Riviere: **O'Reilly**, Antonie.
Geloofsentrum Universitas: **Bester**, Ronnie; en **Lamprecht**, De Villiers Bester en Dionais Petro (geb. Maass).
George: **Van der Schyff**, Jacomina Jacoba Johanna (geb. De Villiers).
Heuwelsig: **Pistorius**, Gabriël Jacobus en Anna Maria (geb. Jacobs).
Hugenoot: **Henzen**, Cloudina Maria Jacoba (geb. Smith).
Kimberley-Harmonie: **De Waal**, Henriëtte (geb. Jansen van Rensburg).
Ladybrand-Noord: **Jerling**, Norlé (geb. Jonck) en Dené.
Langenhovenpark: **Smit**, Maria Catherina Gertruida.
Luckhoff: **Cloete**, Gerrit Neville en Johanna Christina (geb. Ferreira).
Pellissier: **Potgieter,** Daniël Gerhardus Cornelius en Ronel (geb. Greeff).
Sasolburg-Fontein: **Retief**, Charl Wynand.
Secunda-Goedehoop: **Matthee**, Carla.
Stilbaai: **Van Zyl**, Gesina Cornelia.
Strydenberg: **Swiegers**, Johannes Michael en Elizabeth Christina Algina (geb. Joubert).
Volle Evangelie: **Schempers**, Nicholas Martinus en Elsie Petronella (geb. Oberholzer).
Winburg: **Retief**, Elmaree (geb. Kok).
Woodland Hills Gemeentskapkerk: **Van der Westhuizen**, Hendrik Cornelius, Catheriena Wilhelmina (geb. Punt), Lia Maria en Ellie Sofie; en **Strydom**, Cornelius en Erna Louisa (geb. Schwarzer).

## BEDIENINGE

### JEUGBEDIENING
**Kategese 2025:** Kategete word benodig om in 2025 ons jong lidmate te help onderrig op Sondagoggende en Woensdagaande – kontak asb die leraars en/of kerkkantoor.

### GETUIENISBEDIENING
**Gemeentemark:** Laaste mark vir 2024, op Vrydag, 29 November – skenkings nog welkom!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 24 November: **Teologiese Studente Bystandfonds.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**